

SOUTH AFRICA / JUDGMENT

Drs De Beer & De Jager Radioloe v Padongelukkefonds (26801/2007) [2008] ZAGPHC 316 (13 August 2008) [2008] ZAGPHC 316

COURT

High Courts - Gauteng

BEFORE

Du Plessis, C Pretorius, Jooste

CASE / FILE NUMBER

26801/2007

Source: saflii.org · Research copy typeset by Esheria. Not court-issued or certified.

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID AFRIKA

(TRANSV AALSE PROVINSIALE AFDELING)

Saaknommer: 26801/2007

Datum aangehoor: 19/11/2007

Datum van uitspraak: 13/08/2008

ONRAPORTEERBAAR

In die saak tussen:

DRS DE BEER & DE JAGER RADIOLOE APPLIKANT

En

DIE PADINGELUKKEFONDS RESPONDENT

UITSPRAAK

DU PLESSIS R

Met verwysing na die uitspraak en bevel wat op 16 April 2008 in hierdie aansoek gelewer is, het mnr Woodrow namens die applikant my daarop gewys dat daar nie met die koste van die verwysing van die sake na die volle hof gehandel is nie. Dit is klaarblyklik 'n oorsig.

Ingevolge Reël 42(1)(b) van die Hofreëls het die hof die bevoegdheid om mero motu 'n klaarblyklike weglating uit 'n bevel reg te stel deur die bevel te wysig "tot aansuiwering van die weglating",

Die hof voor wie die sake aanvanklik gedien het, het uit eie beweging besluit om die sake na hierdie hof te verwys. In die omstandighede is dit billik dat die respondent, wat vir die koste van die aansoeke aanspreeklik is, ook die koste van die verwysing moet betaal. Dit is veral so in die lig van die respondent se optrede, of gebrek daaraan, wat tot die aansoeke aanleiding gegee het.

Nadat die sake na hierdie hof verwys is, het die applikante dit goedgevind om twee advokate aan te stel vir die argument voor hierdie hof. Na my oordeel was dit 'n redelike stap in die lig van die belang wat die verwysing vir die applikante ingehou het, was dit 'n redelike stap.

Ek het aan die applikant se prokureur opdrag gegee om die respondent in kennis te stel dat die hof van voorneme is om die bestaande bevel te wysig soos hieronder uiteengesit. Sodanige kennis

is op (datum) aan die respondent gegee in die volgende terme: "Neem asb. kennis dat die hof ingevolge reël 42(1)(b) van die hofreëls van voorneme is om die bevel wat op 14 April 2008 in bogemelde saak gemaak is te wysig om voorsiening te maak vir 'n klaarblyklik weglating uit die bevel. Die hof is van voorneme om die respondent te gelas om die koste van die verwysing van die aansoeke na die volle hof te betaal, insluitende die koste van twee advokate. Indien u enige beswaar teen die voorgenome wysiging het, moet u die applikant se prokureurs binne 14 dae vanaf datum hiervan dienooreenkomstig in kennis stel. Indien u nie op hierdie kennisgewing reageer nie, sal aanvaar word dat u geen beswaar teen die wysiging het nie". Die respondent het geen beswaar teen die wysiging geopper nie.

Gevolglik word die volgende bevel gemaak:

1. Die volgende paragraaf 1 word in die bevel ingevoeg: "Die respondent word gelas om die koste van die verwysing van die aansoeke na hierdie hof te betaal, welke koste die koste van twee advokate sal insluit.
2. Die bestaande bevel word vernader deur daaraan die nommer "2" toe te ken.

B. R. DU PLESSIS

REGTER VAN DIE HOOGGEREGSHOF

Ek stem saam,

C. PRETORIUS

REGTER VAN DIE HOOGGEREGSHOF

JOOSTE

WAARNEMENDE REGTER VAN DIE HOOGGEREGSHOF

Saaknommers: 26801/2007 & 46 ander

Datum van uitspraak: 16/04/2008

In die sake tussen:

DRS DE BEER & DE JAGER RADIOLOË APPLIKANT

DIE PADINGELUKKEFONDS RESPONDENT

DU PLESSIS R:

- [1] Ingevolge artikel 17(5) van die Padongelukfondswet, 56 van 1996 kan ondermeer mediese praktisyns wat die slagoffers van motorbotsings behandel het, die ter saaklike koste direk van die Padongelukfondse ("die Fonds") eis. Die applikant in die 47 aansoeke wat tans voor ons dien, is 'n vennootskap wat as radioloë praktiseer. Nadat hulle aan 47 verskillende slagoffers mediese dienste gelewer het, het hulle in elkeen van die gevalle 'n eis ingevolge artikel 17(5) teen die Fonds ingestel. In al 47 gevalle het die Fonds aanspreeklikheid erken en skriftelik ondemeem, om die betrokke mediese rekening te betaal op die 28ste van die maand wat volg op die maand waarin die Fonds 'n behoorlik getekende "ontslagvorm" ontvang. In elkeen van die gevalle het die Fonds die nodige ontslagvorm op 25 Januarie 2005 ontvang.
- [2] Ten spyte van tallose mondelinge en skriftelike aanmanings oor 'n tydperk van meer as twee jaar, het die Fonds eenvoudig nie die verskuldigde bedrae betaal nie. Die applikant se prokureur het ten einde raad die 47 aansoeke opgestel. Elkeen van die aansoeke is op die Fonds se ter saaklike onderneming gebaseer en in wese is die regshulp wat aangevra word vonnis vir die bedrag wat die Fonds onderneem het om te betaal. Die applikant se prokureur het, in 'n finale poging om die Fonds sover te kry om sy onderneming gestand te doen, die aansoeke in konsepvorm aan die Fonds gestuur. Niks het gehelp nie: Die Fonds het eenvoudig nie betaal nie. Ons is tydens betoog meegedeel dat daar selfs werknemers van die Fonds was wat uitdruklik, aan die prokureurs te kenne gegee het dat hulle nie die geld sal betaal nie en dat dreigemente van regstappe nie sal help nie.
- [3] Uiteindelik het die applikant se prokureurs die 47 aansoek in hierdie hof geloods. Die aansoeke het voor Bertelsmann R in die onbestrede

mosiehof gekom. Die geleerde regter het vonnis teen die Fonds vir betaling van die kapitaalbedrae toegestaan maar hy het die kwessie

van die koste na die volle hof van hierdie afdeling verwys. Dit is wat tans voor ons is.

- [4] Ek gee kortliks die agtergrond tot die geleerde regter se besluit om die vraag oor die gepaste kostebevel na hierdie hof toe te verwys. Hierdie 47 aansoeke is maar net die spreekwoordelike ore van die seekoei. Ons is meegedeel dat daar letterlik honderde sulke aansoeke hangend is. Soortgelyke aansoeke verskyn trouens feitlik daaglik op die onbestrede mosiehof-rol van hierdie afdeling. Die aansoeke het feitlik sonder uitsondering te make met gevalle waar die Fonds versuim om ondernemings of skikkingsooreenkomste na te kom. 'n Groot aantal van die aansoeke, indien nie die meeste nie, val, wat die omvang van die eise betref, binne die jurisdiksie van die landdroshof. Die hoofredes wat telkens

aangevoer word waarom die aansoeke in die hooggeregshof gebring word, en nie in die landdroshof nie, is tweërlei. In die eerste plek word aangevoer dat die landdroshof nie by magte is om eise soos die wat ter sprake is. by wyse van aansoek te bereg nie. Tweedens word aangevoer dat die funksionering van die landdroshof sodanig is dat die eise nie met redelike spoed afgehandel word nie. Opgesom, so word aangevoer, is aansoeke na die hooggeregshof toe die enigste effektiewe regsmiddel tot die applikante se beskikking.

- [5] In die week van 25 September 2005 het 'n aantal aansoeke wat byna identies aan die wat tans voor ons is, in die onbestrede mosiehof gedien. Soos wat 'n mens van prokureurs wat hulle werk doen sou verwag, het die Fonds se prokureurs in daardie aansoeke 'n advokaat opdrag gegee om namens die Fonds te verskyn en om te betoog dat koste nie op die hooggeregshof skaal nie, maar op die landdroshof skaal

toegeken moet word. By ooreenkoms tussen die onderskeie prokureurs is een aansoek vir beredenering geplaas. Die ooreenkoms was voorts dat die ander aansoeke se koste dan getakseer sou word op die skaal wat die hof in die een aansoek toeken. Die betrokke aansoek is deur Mynhardt R aangehoor en hy het koste op die hooggeregshof skaal toegeken.

- [6] Toe die huidige 47 aansoeke voor Bertelsman R gekom het, was hy nie oortuig dat hy, soos Mynhardt R, koste op die hooggeregshof skaal

behoort toe te ken nie. Die geleerde regter het aan die applikante se prokureur die geleentheid gegee om 'n aanvullende verklaring voor te lê en dit is uit daardie verklaring dat die agtergrondsfeite waarna ek hierbo verwys, blyk. Die Fonds het 'n soortgelyke

geleentheid om sy kant van die saak te stel nie te baat geneem nie.

- [7] Omdat, soos ek reeds gesê het, hierdie soort aansoeke baie in hierdie afdeling voorkom, het Bertelsmann R die vraag na die gepaste kostebevel in hierdie aansoek na hierdie hof toe verwys.
- [8] Voordat ek die vraag na die gepaste kostebevele in die huidige aansoeke oorweeg, is dit nodig om te beklemtoon dat die gepaste kostebevel in elke saak binne die diskresie van die betrokke regter val. Elke saak word natuurlik volgens sy eie feite beslis en hierdie hof se beslissing oor die betrokke 47 sake moet in daardie lig gesien word.
- [9] 'n Verdere opmerking is gepas. Die Fonds is uitgenooi om voor hierdie hof te verskyn en betoog voer te dra. Ook daardie uitnodiging het die Fonds geïgnoreer. Dit kom daarop neer dat die Fonds 'n tweede geleentheid om betoog voor te dra oor die toepaslike kostebevel in hierdie aansoeke, nie te baat geneem het nie. As in ag geneem word dat die Fonds slegs in die huidige 47 sake aan kostebevele van meer as R300 000 blootstaan, is hulle versuim ten minste sorgwekkend indien dit nie roekeloos minagtend is nie.

- [10] Mm Maritz wat saam met mm Woodrow vir die applikant verskyn het, het volledige betoogshoofde voorgelê wat vir ons van groot hulp was. In ooreenstemming met die advokatuur se beste tradisies was die mondelinge betoog voor ons sodanig gebalanseerd, nugter en van praktiese waarde dat die bevel wat ons besluit het om te maak grootliks daarop gebaseer is.
- [11] Die bring my by die oorweging van die vraag wat na ons verwys is. Ek het reeds daarop gewys dat die 47 aansoeke waarom dit nou gaan feitlik identies is. Die funderende en ondersteunende verklarings lees woordeliks dieselfde en al wat verskil, is die bedrag wat die Fonds onderneem
- het om te betaal. Die bedrae wat in die huidige aansoeke gevorder is wissel tussen sowat R150 en R4000. Die oorgrote meerderheid van die bedrae wat gevorder word, beloop om en by R1000. In daardie lig meet verder in ag geneem word dat die applikant se prokureur skat dat die koste wet op die hooggeregshof skaal in elke aansoek getakseer kan word, sowat R7000 beloop. Kortom, 'n bevel dat die 'Fonds in elkeen van die 47 sake koste op die hooggeregshof skaal moet betaal, sal daarop neerkom dat die Fonds soms R7000 aan koste sal moet betaal vir die invordering van 'n skuld van sowat R150. In die meeste gevalle sal die koste in so 'n geval sowat sewe maal meer as die kapitaal bedrag wees. Dit is juis wat, tereg na my oordeel, vir Bertelsman R laat besluit het om nie sondermeer koste op die hooggeregshof skaal toe te staan nie.
- [12] Dit is aksiomaties dat die koster skaal in die hooggeregshof hoër is as die in die landdroshof. 'n Eiser of applikant wat 'n geding wat binne die landdroshof se jurisdiksie val, in die hooggeregshof instel, is dus as 'n algemene uitgangspunt nie geregtig op hooggeregshofkoste nie tensy hy die hof oortuig dat daar gronde is om sodanige koste toe te staan (Vgl. bv. *Palmer v Goldberg* 1961 (4) SA 781 (N) op 785F). Soos wat altyd die geval is met die vraag na koste, het die hof in regterlike diskresie om te besluit of Koste in 'n bepaalde geval op die hooggeregshof skaal toegestaan moet word.
- [13] In die 47 aansoeke waarom dit tans gaan is daar goeie gronde om te gelas dat koste teen die respondent getakseer word op die skaal soos tussen prokureur en kliënt, of selfs prokureur en eie kliënt. Die respondent, 'n owerheidsliggaam, het sonder enige gronde in elkeen van die gevalle 'n ooreenkoms wat hy aangegaan het, gerepudieer. Die respondent het, in sommige gevalle op 'n arrogante manier, herhaalde pogings om hom sover te kry om sy verpligtinge na te kom, gefrustreer. Dit blyk uit die feite voor ons dat die Respondent in baie meer as die huidige 47 gevalle op hierdie manier optree. Daardeur maak die respondent dit vir die ander party, in elke geval moeilik om sy of haar regte af te dwing.
- [14] Die applikant in hierdie sake het oortuigend aangetoon dat dit nie prakties is om die respondent in die landdroshof te probeer aanspreek nie en dat die hooggeregshof eintlik die enigste praktiese remedie bied. Alles in ag genome is daar geen twyfel dat 'n bevel dat die respondent koste op die hooggeregshof skaal moet betaal, gepas is nie.

- [15] Die probleem is dat, vanweë die klein bedraggies ter sprake hooggeregshofkoste buitensporig hoog sal wees as dit toegestaan word. Ek meen nie dat daardie probleem aangespreek moet word deur bloot nie koste op die hooggeregshof skaal toe te staan nie. Mnr Maritz het aangevoer dat daardie probleem op twee maniere aangespreek kan word. In die eerste plek is dit duidelik dat dit nie vir die applikant nodig was om 47 afsonderlike aansoek. te loods nie. Die aansoeke kon almal in een saamgevat gewees het. Tweedens kan die probleem aangespreek word deur bloot die koste tot 'n maksimum te beperk.
- [16] Dit is nie prakties om nou te probeer bepaal hoe lank. een aansoek sou moes wees en hoeveel dit sou kos nie. Na my oordeel is die praktiese oplossing om, vir die redes wat ek genoem het, te gelas dat die respondent koste op die hooggeregshof skaal moet betaal, maar om die koste in elke aansoek te beperk sodat dit nie die kapitaal oorskry nie.
- [17] Dit is ten slotte nodig om praktisyns te maan dat die Fonds nie vanweë sy eie optrede voëlvry is nie. Praktisyns moet steeds redelik optree en hulle moet veral teen onnodige vermorsing van koste, soos om aansoeke onnodig te vermenigvuldig, waak.

Gevolglik word in elkeen van die aansoeke voor ons die volgende kostebevel gemaak:

Die respondent word galas om die koste van die aansoek op die hooggeregshof skaal te betaal met dien verstande dat die koste nie die kapitaal wat gevorder is mag oorskry nie.

REGTER VAN DIE HOOGGEREGSHOF

Ek stem saam,

C. PRETORIUS

REGTER VAN HOOGGEREGSHOF

WAARNEMENDE REGTER VAN DIE HOOGGEREGSHOF

Saak Nommers:

DIE PADINGELUKKEFONDS RESPONDENT

1. 26801/07 20. 26819/07 39. 26840/07
2. 26835/07 21. 26839/07 40. 26825/07
3. 26836/07 22. 26822/07 41. 26809/07
4. 26832/07 23. 26828/07 42. 26805/07
5. 26813/07 24. 26811/07 43. 26810/07
6. 26802/07 25. 26812/07 44. 26843/07
7. 26846/07 26. 26830/07 45. 26826/07
8. 26806/07 27. 26827/07 46. 26834/07

9. 26816/07 28. 26831/07
 10. 26833/07 29. 26844/07
 11. 26824/07 30. 26841/07
 12. 26817/07 31. 26837/07
 13. 26818/07 32. 26815/07
 14. 26807/07 33. 26829/07
 15. 26845/07 34. 26814/07
 16. 26842/07 35. 26847/07
 17. 26823/07 36. 26828/07
 18. 26821/07 37. 26828/07
 19. 26808/07 38. 26820/07
-

Source & reproduction note

Judgment wording, source notices and original paragraph numbers are retained. Esheria supplies the layout and this PDF's page numbers; these are not the source pagination. This is a research copy, not an official or certified court document. Check quotations, citations and publication restrictions against the original source before relying on it.

ORIGINAL SOURCE <https://www.saflii.org/za/cases/ZAGPHC/2008/316.html>

CASE PAGE <https://chat.esheria.ai/case-law/south-africa/drs-de-beer-de-jager-radioloe-v-padongelukkefonds-unknown-topic-agphc-2008>

Prepared on 12 October 2026 · Esheria